

6 April

Skrifgedeelte: Jeremia 51:59-52:34

Fokusgedeelte: Jeremia 52:31-34

God se genade gaan oor alle grense heen

Selfs die vyande van God staan só in diens van die Here dat ook hulle God se wil moet gehoorsaam en sy genade moet bedien. Hoewel Jojagin nie aan die Here gehoorsaam was terwyl hy koning van Juda was nie, betoon God tog aan hom genade. Hy sit in 'n heidenland in die gevangenis tussen ander konings wat net soos hy gevange geneem is. Sonder dat hy enige aanspraak op die genade van die koning van Babel gehad het, word hy vir begenadiging uitgesonder. Dit was nie die koning van Babel nie, maar God wat aan hom genade betoon op grond van sy verbondstrou. Hiervoor word selfs die koning van Babel gebruik. "Geen grens is daar vir God se gesag" (Ps 66:1). Dit is 'n geweldige troos vir hulle wat op die Here vertrou om te weet dat al sou kettings en die oordele van vyandelike owerhede en mense hulle hou, hulle nooit van God se genade uitgesluit kan wees nie. Al sou God ook die vyand gebruik, sal Hy sy genade en verlossing gee aan wie Hy wil. Daarom kan niks die versoening in Jesus Christus wat Hy vir die kinders van God bewerk het, voorkom of uitsluit nie. Selfs in die grootste beproewings en onder die wreedste verdrukking sal die genade van God in Jesus Christus tot sy kinders kom.

Sing: Psalm 86:5

Ds DL de Beer (Emeritus)